DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**15 Januarie 2023**

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Markus 10: 13 - 16 |
| **Tema** | Hoe kyk die Here God na die kinders en jeug in die kerk? |
| **Sang** | Psalm 66: 1, 7<br>Skrifberyming 14-1: 1, 2<br>Psalm 38: 1, 15, 17<br>Skrifberyming 16-1: 1, 2<br>Lied 273: 1, 3, 4 |

Die belangrikste vraag is: Hoe kyk die Here God na die kinders en jeug in die kerk? Die Here Jesus is hieroor meer as duidelik: "Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie" (Markus 10). Maar is dit dan 'n nuwe houding by God teenoor kinders? Ons Here verwoord wat van die begin van die Bybel oor kinders en hul plek by God geleer word. Kinders is 'n seën van die Here. Kinders hou belofte in en skep geweldige verwagting.

Dit is deur die saad van die vrou, dat die kop van die slang vermorsel sal word. Dit is daarom ’n geweldige wins van ons Kategismus, wanneer daar onomwonde ’n volwaardige plek aan die kinders van die gelowiges in die kerk erken word: Ook aan hulle word NIE MINDER as aan die volwassenes deur die bloed van Christus, die verlossing van die sondes en die Heilige Gees, wat die geloof werk, beloof nie. (Antw. 74 Heidelbergse Kategismus)

Klein kinders is 100% afhanklik van hul ouers vir beskerming, kos, klere en liefde. Hulle is nie bekommerd oor ander goed soos politiek, oor wie belangrik is en wie nie ens. Daarom sê die Here Jesus dan ook dat ons wat só, soos hierdie kindertjies, 100% afhanklik van God se versorgende liefde en genade is, in die koninkryk van van God sal ingaan.

Dit gaan hier oor die hart van die evangelie – vertroue in God en wees gehoorsaam aan Sy geskenk van verlossing uit genade en liefde. Leef jy in totale afhanklikheid van die Here of hou jy nog aan jou eie sekuriteite vas? Vertrou jy Hom en dat sy liefde en genade genoeg is of probeer jy iets bydra?

Jesus was verontwaardig toe die dissipels wou keer dat mense hulle kinders na Hom bring, juis omdat Hy weet dat die evangelie van God se genade en sy liefde vir almal hier op die spel is. Mag die Here ons, veral in hierdie deurmekaar tye, help om kinderlik aan Hom vas te hou en om klein, afhanklik en vol vertroue, soos 'n kind, te glo.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir almal wat siek is en behandeling ondergaan. Mag ons Vader julle na liggaam en na gees versterk.
* Ons is baie dankbaar in die pastorie dat daar verbetering in Tialeen se toestand is. Ons het weer 'n afspraak vroeg in Februaie vir 'n opvolgbesoek. Baie dankie vir u belangstelling in ons wel en weë.
* Ds Sarel gee vandag 'n inleiding na die katkisasieopening vir almal wat belangstel in die Bybelstudie oor 1 en 2 Petrus.
* **Baie dankie aan almal wat aangemeld het om as kategete op te tree vir die jaar. Mag die Here ons ouers en kinders seën met die werk wat hierdie jaar moet gebeur. Dankie aan die getroue ouers wat sorg dat hulle kinders goed voorberei is. Ons open vandag almal saam – ouers, kinders en kategete.**

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 15 JAN 2023

**Diensbeurt: Wyk 3**
**Ouderling: Andre Bakker**

**Katkisasie: Opening**
**Diaken: Juan vd Merwe**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**15 Januarie 2023**
Annemarie Bakker
Alwina Beyneveldt
Ester Borman
Elzanne Botha

**22 Januarie 2023**
Kobie Botha
Annatjie Botha
Sarie Bronkhorst
Natania Carstens

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 15 Jan 2023 | Na erediens | *Kerk* | Katkisasie opening |
| 15 Jan 2023 | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| 16 Jan 2023 | 18:00 | *Kerk* | Diakensvergadering |
| 17 Jan 2023 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 18 Jan 2023 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 Jan 2023 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |





# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 16 Jan | ***Kotie Cilliers *****<br>***Hennie Korff **** | ***81***<br>***73*** | B<br>B | 072 292 6832<br>072 190 2991 |
| Di 17 Jan | Welma Venter | 58 | B | 083 263 5375 |
| Vr 20 Jan | Ryno Swanepoel | 37 | B | 079 631 5702 |
| Sa 21 Jan | ***Dawie vd Merwe **** | ***77*** | B | 082 564 3755 |

# KERKKANTOOR

Die kerkkantoor **benodig klerehangers** om al die ou klere wat ontvang is op te hang. **Lidmate wat ou– of ekstra klerehangers het** word versoek om **asb die by die kerkkantoor af te lewer**, ons kan dit met vrug aanwend.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.**

**Psalm 46:2**

## EVANGELISASIE

**Wil jy betrokke raak om die Woord van God uit te dra aan ander?**




Die Evangelisasie diensgroep nooi jou om deel te neem en saam te beplan hoe ons dit kan doen.


Ons vergader **Maandag 23 Januarie 18h00 aan huis van André Bakker by Hercules straat 6 Bendor.**

Bevestig asb met 'n **WhatsApp na 083 457 1711.**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 3 Februarie 2023.**

**Vetkoeke met lekker maalvleis R35.00, vetkoeke gevul met 'n soet verrassing R25.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.**




**Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 of Antjie Du Toit op 083 305 7855.**

**Bestellings kan vanaf 10:00 afgehaal word of tussen 17:00 tot 18:00 die middag.**

## KERKRAADTOERUSTING

Die **ouderlinge** word herinner aan die **toerustings geleentheid op Vrydag 27 Januarie 2023.**

Die geleentheid sal om **18:00 by die kerk plaasvind.**

Verskonings moet asb gemaak word by Andre Bakker op 083 457 1711.

## BYBELSTUDIE

**Lidmate van die verskillende Bybelstudie groepe** moet asb kennis neem dat ons **Sondag na die katkisasie opening in die kerk bymekaar sal kom.**




**Ds. Sarel gaan 'n inleiding gee oor die Bybelstudie onderwerp** vir die jaar se Bybelstudie bespreekings, naamlik 1 en 2 Petrus. **Almal word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.**

# SUSTERSBYEENKOMS



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Verdwaalde mense is soekend, het dikwels geen hoop nie of stel hulle hoop op die verkeerde.**

**Christus ons enigste Hoop**
1Tim 1:1 … in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons **Hoop**.



## Praat saam….

**Waarop hoop jy?**

- **Geluk? Vrede? Rykdom?**

- **1 Tim 6:17 … hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

**Hoop op mense?**

- **Ps. 33:16 -19 Dis nie deur groot krag dat 'n held behoue uitkom nie. Dis die Here wat sorg vir die wat Hom eer.**
- **Ps 146: Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie. Hy kan jou nie red nie.**



## Praat saam....

- **Die persoon moet besef hy is 'n sondaar**
- **En die sondaar verdien die ewige dood.**
- **Met erkening daarvan kom die GENADE, wat moet ek doen?**
- **Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word**
- **Hoop op God, hy is die enigste bron van hoop.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.*

*Markus 10: 14*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**